
# DIE FONTEIN

OUD GEREFORMEERDE KERK ~ APRIL 2025



Openbaring 21:6

"En Hy het vir my gesê: Dit is verby! Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde. Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet."

# MAANDAG KATKISASIE.

(Bernardus Smytegelt.)

## Die Saligmakende kennis van God.

---

**Vraag.** Wat leer die boek van die gewete of die sedelike bewussyn ons?

**Antwoord:** Die boek van die gewete is soos ’n stadhouer, iemand wat voortdurend en volkome op hoogte is van al die gebeurlikhede wat daarin plaasvind, of selfs ook soos ’n lamp van die HERE wat binne ons is en bewus van al ons doene en late is, dit kan nie tot swye gebring of uitgedoof word nie.

Dit is die lig en die krag wat ons siel aanraak en aanspreek deur ons tot die bewuswording te bring of ons woorde, ons dade en ons gedagtes goed of sleg is.

Daar is iets in ons wat wanneer ons kwaad gedoen het, ons in benoudheid bring en ons selfs veroordeel; en sou ons iets goeds gedoen het, ons vryspreek en vrede in die hart teweegbring.

Daar is iets in ons binneste wat nadat ons kwaad gedoen het, ons sal toeroep en sê: “Jy mag my wel tot swye roep, maar die HERE sal uiteindelik self tot jou kom, daarom daag ek jou voor die gerig:

- Eerstens, dat jy wel kennis neem van dit wat goed en van dit wat kwaad is.

- Tweedens, sal jy as gevolg van my aanklagte ’n ondersoeker tussen goed en kwaad wees.

- Derdens, sal jy ook as gevolg van my aanklagte ’n getuie word wat sê: “Ek getuig van dit wat goed is en ook van dit wat nie goed is nie.”

- Vierdens, sal jy ook as gevolg van my aanklagte, terwille van die kwaad wat jy gedoen het verleë en bewoë word.

- Vyfdens, maar sou ons iets goeds doen sal ek (d.w.s. elkeen se gewete) hom of haar toeroep en sê: “Ek het vrede!”

- Sesdens, die gewete sal ook vir die oortreder sê: “Jy wil my nou nie laat spreek nie, maar dit sal uiteindelik vir jou in die gerig tot bittere gevolge wees, wanneer ek jou sal aanspreek en veroordeel.

- Sewende, ek daag jou voor die gerig dat jy nie na my wil luister en my vermaning aanneem nie, daarom sal jou gewete jou uiteindelik op jou doodsbed tot die werklikheid ruk, dan sal jy soos ’n Belsasar in benoudheid verval, jou lendene sal sidder en beef en jou knieë lam word, sodat jy in benoudheid alle beloftes van verbetering sal uitskreeu!

Daar is nie een mens, Jood of heiden, Turk of barbaar of selfs die sedigste mens wat nie ’n gewete het nie! Dit is soos ’n Bybel wat voortdurend tot ons spreek, soos ’n leraar wat die mens onophoudelik aanspreek en sê: “Die uiteinde van jou goddelose dade is die ewige verdoemenis, jy kan jou self teen my verset en selfs my mond stilmaak, maar sou jy van my afskeid neem, weet dit, dat jy seker en gewis in die gerig sal kom!”

(Vervolg.)

---



# DIE INSTITUSIE.

(Johannes Calvyn.)

**ONDERWYSING IN DIE CHRISTELIKE GODSDIENS**

## Hoofstuk 4.

## DIE KENNIS VAN GOD WORD DEELS UIT ONKUNDE, DEELS UIT KWAADWILLIGHEID GESMOOR OF BEDERWE.

*1.Die gevolge van bygeloof*

Hoewel ons ervaring daarvan getuig dat die saad van die godsdiens van Godsweë by alle mense gesaai is, kan daar beswaarlik een uit elke honderd mense gevind word wat die saad wat hy ontvang het, in sy hart vertroetel en niemand in wie dit tot volle wasdom kom nie, laat staan nog dat die vrug daarvan op sy tyd verskyn. Terwyl sommige van hulle vêrder in hulle bygelowe vergaan en ander hulle arglistige inspan om van God afvallig te word, wyk hulle tog almal van die ware kennis van God af. Die gevolg daarvan is dat geen egte godsvrug op die wêreld oorbly nie. Maar sovêr dit my bewering aangaan dat sommige mense as gevolg van hulle dwaling in bygeloof verval, is my opvatting daarvan nie so dat hulle eenvoud hulle van alle blaam onthef nie, want die blindheid waaronder hulle swoeg, is feitlik altyd met ’n hooghartige ydelheid en weerbarstigheid verstrengel. En ook ydelheid tesame met hooghartigheid word daarin openbaar dat die

mens in sy ellende in sy soeke na God nie bo homself kan uitstyg soos dit hom betaam nie, maar dat hy homself na die maat van sy eie vleeslike stompsinnigheid meet. Omdat hy deeglike ondersoek daarna in die wind slaan, neem hy nuuskierig sy toevlug tot ydele bespiegeling. Gevolglik begryp die mens Hom nie soos wat Hy Homself aan hulle voorhou nie, maar hulle verbeel hulle dat Hy is soos wat hulle Hom in hulle onbesonnenheid versin het. Wanneer hierdie maalstroom voor hulle oopgaan, moet hulle noodwendig altyd blindelings die verderf instort, waarheen hulle ook al hulle voete beweeg. Want alles wat hulle later ten opsigte van die godsdiens en gehoorsaamheid aan God aanpak, kan hulle nie as opoffering vir Hom reken nie, omdat hulle nie Hom nie, maar eerder ’n skim en ’n droom van hulle eie hart in sy plek dien. Paulus vermeld hierdie bedorwenheid uitdruklik wanneer hy sê dat hulle dwaas geword het terwyl hulle hul beywer het om wys te wees. Vantevore het hy gesê dat hulle dwaas word in hulle oorlegginge, maar om te voorkom dat iemand hulle verontskuldig, het hy daaraan toegevoeg dat hulle met reg blind word omdat hulle nie met soberheid tevrede is nie. Deur hulle meer as wat betaamlik is aan te matig, haal hulle hul vanself die duisternis op die hals - of -, liewer, deur hulle sinlose en verwronge hooghartigheid verblind hulle hulleself. Die gevolg daarvan is dat hulle dwaasheid nie verontskuldig kan word nie, omdat nie alleen ’n ydele nuuskierigheid nie, maar ook ’n onbeteuelde sug daarna om meer te weet as wat paslik is, tesame met ’n valse selfvertroue die oorsaak daarvan is.

*2. Goddelose mense verloën God doelbewus.*

Die feit dat Dawid sê dat goddelose en waansinnige mense in hulle hart gevoel dat God nie bestaan nie, word in die eerste plek beperk tot die smoor – soos ons ’n rukkie later weer sal sien. So sien ons ook dat groot getalle mense elke herinnering aan God woedend wegkeer nadat hulle in verwaandheid en die gewoonte om te sondig verhard het, terwyl die herinnering aan God tog deur hulle ervaring van die natuur spontaan binne-in hulle in verskaf word. Om hulle waansin nog afstootliker te maak stel Dawid hulle voor as mense wat botweg verklaar dat God nie bestaan nie. Hoewel hulle Hom nie van sy Wese ontneem nie, maar omdat hulle Hom van sy gerig en voorsienigheid beroof, sluit hulle Hom as ’n afsydige God in die hemel toe.

Want aangesien niks minder by God pas as om die bestiering van die wêreld te verwerp en aan die lot oor te laat en blind te wees vir die

oortredinge van die mensdom sodat hulle ongestraf hulle luste kan laat botvier nie, beweer elkeen wat sy vrees vir die hemelse gerig laat vaar het om hom sorgeloos aan homself oorgee, dat God nie bestaan nie. Daarin is God se gegronde wraak om hulle hart in vet te hul sodat die goddelose sy oë sluit en siende blind bly. En Dawid is elders die beste uitlêer van sy eie stelling waar hy sê dat die vrees van God nie voor die oë van die goddelose is nie, en net so: dat hulle hulself hooghartig oor hulle wandade toejuig omdat hulle hulself dan so oortuig dat God dit nie aanskou nie!

Hoewel hulle dus gedwing word om God te erken, beroof hulle Hom tog van sy heerlikheid deur sy mag van Hom weg te neem. Want soos God volgens die getuienis van Paulus Homself nooit kan verloën nie omdat Hy altyd bly soos Hy is, so word tereg verklaar dat hulle God verloën deur van Hom 'n dooie en sinlose afgod te maak. Hierby moet opgemerk word dat, ten spyte daarvan dat hulle met hulle eie gevoel worstel en die begeerte koester nie alleen om God daaruit te verdryf nie, maar ook om Hom in die hemel tot niet te maak, hulle dwaasheid tog nooit tot die punt aangroei dat God hulle nie ook soms weer voor sy regterstoel daag nie. Maar omdat geen vrees hulle daarvan weerhou om met geweld teen God aan te storm nie, is dit seker dat 'n stompsinnige vergeetagtigheid van God in hulle heers so lank as wat hulle blinde drifte hulle so meesleur.

*3. Eiesinnige godsdiens is sonder die waarheid.*

So word die ydele verdediging waarmee baie mense gewoonlik hulle bygeloof bedek, vernietig want hulle is die opvatting toegedaan dat enige vorm van godsdiensoefening, hoe verkeerd dit ook al mag wees, genoeg is. Maar hulle besef nie dat die ware godsdiens na die wil van God, soos na 'n ewige maatstaf, gevorm behoort te word nie. Verder weet hulle nie dat God altyd bly soos Hy is en dat Hy nie 'n beeldjie of 'n skim is om na elkeen se willekeur verander te word nie. En dit is duidelik te sien hoe die bygeloof met valse klatergoud die spot met God dryf, terwyl dit poog om Hom te behaag. Want terwyl dit oor die algemeen juis die dinge alleen aangryp waarvan God getuig het dat dit Hom nie ter harte gaan nie, minag en verwerp dit selfs ongeveins alles wat Hy gebied en waarvan Hy ons leer dat dit Hom behaag. Almal wat dus valse aanbidding van God aanmoedig, aanbid en vereer hulle eie kranksinnigheid, omdat hulle hoegenaamd nie sou waag om so met God te spot as dit nie was dat hulle vooraf 'n god wat met die dwaasheid van hulle beuselagtighede ooreenstem, versin het nie. Daarom verklaar die apostel dat hierdie ydele en verkeerde opvatting in

verband met die goddelike mag onkunde van God is. Hy sê naamlik: “Toe julle God nie geken het nie, het julle die wat van nature nie gode was nie, gedien”. En elders leer hy dat die Efesiërs sonder God was toe hulle van die ware kennis van die een God afgedwaal het. Dit skeel ook weinig, ten minste in die opsig of ’n mens en god of baie versin, omdat ’n mens dan altyd van die ware God afwyk en afvallig raak. As jy Hom verlaat, bly daar vir jou niks anders oor as ’n verfoeilike afgod nie. Daar bly vir ons dus net die opvatting oor om saam met Lactantuis te verklaar dat geen godsdiens eg is as dit nie met die waarheid gepaard gaan nie.

*4. Van nature is daar ’n gevoel van die Godheid in die hart van die mensdom ingegraveer*

Hierby kom hulle tweede sonde, naamlik dat hulle nooit op God ag slaan behalwe as hulle daartoe gedwing word nie. Origens nader hulle nooit tot Hom nie totdat hulle teen hulle sin na Hom gesleep word. Selfs dan is hulle nie deur die een of ander vrywillige vrees wat uit eerbied vir God se majesteit spruit, deurdrenk nie, maar slegs met ’n slaafse gedwonge vrees wat die gerig van God van hulle afdwing. En omdat hulle dit nie kan ontsnap nie, deins hulle daarvoor terug, maar tog so dat hulle dit nog verafsku. Daarom stem Statius se opmerking dat vrees eerste gode op die wêreld geskep het, heel paslik met die goddeloosheid en daarmee alleen, ooreen.

Die mense wat in hulle gemoed teenoor die geregtigheid van God vreemd staan, koester die vurige begeerte dat sy regterstoel vernietig mag word, omdat hulle weet dat dit opgerig is om oortredinge teen Hom te wreek. Met hierdie gesindheid stry hulle teen die Here wat nie sonder gerig kan wees nie. Wanneer hulle egter besef dat sy onvermydelike mag oor hulle dreig omdat hulle nie by magte is om dit te vernietig of te ontwyk nie, deins hulle skrikbevange daarvan terug.

Om dus te verhoed dat die indruk oral sou ontstaan dat hulle Hom minag, beoefen hulle enige soort godsdiens omdat Sy Majesteit vir hulle ’n kwelling is. Tog hou hulle intussen nie op om hulle met elke soort vergryp te besoedel en die een oortreding op die ander te begaan totdat hulle die heilige wet van die Here ten volle geskend en al sy geregtigheid verwoes het nie. In elk geval word hulle nie deur hulle geveinsde vrees vir God daarvan weerhou om heerlike behae uit hulle sondes te skep, hulleself te

vlei en liewer aan die onbeheerstheid van hulle vlees vrye teuels te gee as om dit met die teuels van die Heilige Gees te bedwing.

Maar omdat dit maar ’n ydele en valse skadu van die godsdiens is – selfs beswaarlik waardig om ’n skadu daarvan genoem te word – kan hieruit gemaklik afgelei word hoeveel die godsvrug, wat alleen in die hart van gelowiges gewek word en waaruit per slot van rekening die godsdiens spruit, van hierdie verwarde godskennis verskil.

En tog wil hierdie huigelaars dit met kronkelpaadjies bereik om die indruk te wek dat hulle naby die God is van wie hulle af wegvlug. Want terwyl daar ’n onafgebroke neiging tot gehoorsaamheid in hulle hele lewe moes wees, kom hulle in amper al hulle werke onbesorg in opstand teen Hom en strek hulle belangstelling net daartoe om Hom met slegs enkele offertjies tevrede te stel. Terwyl hulle Hom met die heiligheid van hulle lewe en die integriteit van hulle hart moes dien, bedink hulle onbenullige beuselagtighede en waardelose eerbetoon om sy guns daarmee te wen. Nee, veel eerder versink hulle met groter teuelloosheid in hulle gemors omdat hulle die vertroue koester dat hulle hul plig teenoor Hom met belaglike versoeningsdade kan nakom. Terwyl hulle verder hulle vertroue op Hom agterweë laat. Eindelik verstrengel hulle hul in so ’n groot massa dwalings dat ’n duisternis van boosheid die vonkies wat opflikker om die heerlikheid van God waar te neem, versmoor en uiteindelik uitdoof. Tog bly daar by hulle die saad agter wat glad nie van die wortel losgeskeur kan word nie, naamlik dat daar tog ’n godheid bestaan, maar dit is so bedorwe dat dit uit homself niks anders as die slegste vrugte kan voortbring nie.

Hieruit kan my huidige opvatting met groter sekerheid afgelei word, naamlik dat daar van nature ’n gevoel van die godheid in die harte van die mensdom ingegraveer is omdat dwang juis op verwerpte mense ’n erkenning daarvan uit hulle uitpers. In tye van rus dryf hulle lustig die spot met God, ja, hulle is bytend luidrugtig om God se mag te verkleineer. Maar as die een of ander wanhoop hulle oorval, dryf dit hulle daartoe om Hom te soek. Dan sê hulle wanhoop skietgebede aan hulle voor, waaruit dan duidelik word dat hulle nie volkome sonder kennis van God was nie maar dat die kennis wat gouer te voorskyn moes getree het, deur hulle onversetlikheid onderdruk is.

(Vervolg.)



**’n Instrument in die Hand van die HERE te Wittenberg.**

---

## HOOFSTUK 4
## NA DIE HOOFSTAD VAN DIE CHRISTENDOM.

Toe Luther professor word, het hy sy nuwe taak met die grootste ywer aangepak, veral toe hy na enige maande ook les moes gee in die Godgeleerdheid en aan die studente die Bybel moes uitlê. Dit was net die werk vir hom. Hy het sy hart en siel daarin gesit. Eers het hy die Psalms bespreek, toe die Brief van Paulus aan die Romeine. En terwyl Luther besig was om ander te leer het hy self nie teruggestaan as leerling nie. Stadigaan het dit vir hom begin duidelik word dat ’n mens nie deur jou goeie werke nie, maar deur die genade van God salig moet word.

Een vers van Paulus het gedurig sy aandag getrek: “Die regverdige sal uit die geloof lewe.” Uit die geloof moet ek lewe en gelukkig wees. Dit het Luther nog nie goed begryp nie, maar hy kon dit nie weer vergeet nie en God sou baie gou hierna dit aan hom duidelik maak.

Intussen het die nuwe professor nog meer werk gekry. Daar het Von Staupitz goed voor gesorg, want hy het hom gevra om in die vervolg ook vir die volk te preek. Luther het hiervoor teruggedeins en gesê: “Nee, nee, dit is g’n geringe saak om in die plek van God tot die mense te spreek nie!”

Von Staupitz het so lank by hom aangehou dat Luther eindelik toegegee het en toe hy eers eenmaal daarmee begin het, kon hy dit nie weer laat staan nie. Hy het dit gedoen in ’n ou, bouvallige hout kerk in die middel van die markplein van Wittenberg. Die kerkie was nie meer as 30 voet lank en 20 voet breed nie. Die preekstoel was maar armsalig en net 3 voet hoog. Luther het egter met gloed en krag gepreek, vervuld met die Gees van God en die mense het na hom geluister soos hulle nog nooit geluister het nie. Die mense het uit die omliggende dorpe toegestroom om hom te hoor. Die hout kerkie het gans te klein geword om al die mense te vat en so het dit gebeur dat Luther uitgenooi geword het om in die vervolg in die Groot- of Augustyner kerk op te tree, met die gevolg dat die toeloop nog groter geword het.

Luther het ’n pragtige stem gehad en was baie welsprekend, waardeur hy geweet het om ryk en arm, jonk en oud, eenvoudiges en geleerdste boei. Hy het die Woord van God, wat alleen die weg na die saligheid aanwys, aan die mense gebring.

“Hierdie monnik,” het ’n professor wat graag na hom gaan luister het, gesê, “sal al die leraars van stryk bring; hy sal ’n nuwe leêr invoer en die hele kerk hervorm; want hy staan op die Woord van Christus en niemand ter wêreld is in staat om hierdie Woord te bestry of omvêr te werp nie.”

Luther het so beroemd geword dat selfs die Keurvors van Sakse, Frederik die Wyse, eenmaal met opset die reis na Wittenberg onderneem het om ook die begaafde monnik te hoor, oor wie almal die mond vol gehad het. So het Luther hard moes studeer, aan die studente les gee, preek en daarby nog sy besondere pligte en boetedoeninge as monnik vervul. Die onvermoeide man het al weer so baie hooi op sy vurk gehad, dat hy van al die harde werk miskien siek sou geword het, as hy nie op ’n besondere wyse vir ’n tyd lank uit sy werk gesit was nie.

Luther moes naamlik ’n verre reis, buitekant sy vaderland, na Rome, die hoofstad van die Christendom, onderneem. Sy vriend von Staupitz, wat so veel van hom gemaak het, het dit beveel. Von Staupitz wou in die kloosters, wat onder sy toesig was, sommige dinge anders inrig. Hy het dit bv. goedgevind om aan ou en swak monnike toe te laat om gedurende vastyd vleis te eet, maar almal was dit nie met hom hieroor eens nie. Daarom wou hy dit nie verander voordat hy nie eers die Pous te Rome se verlof daartoe verkry het nie. Nou dit was wat hy wou hê moes Luther vir

hom daar gaan doen en so het dit gebeur dat Luther, nadat hy vier jaar in die klooster gewees het, met ’n ander monnik die reis na die stad van sewe heuwels te voet onderneem het.

Hy het dit nie teen sy sin nie, maar met blydskap gedoen. Wat ’n voorreg om die hoof van die kerk en die heilige Rome te mag sien, waar so baie geloofshelde en martelare geleef en gearbei het. Luther het gedink dat hy daar nader by die hemel as op enige ander plek sou wees; daar sou hy immers te wete kom hoe hy tog as regverdige deur die geloof moes lewe!

Eindelik sien Luther, na ’n vermoeiende reis onder die brandende son van Italië, in die verte die torings van die ewige stad! Diep ontroer het hy op sy knieë geval en uitgeroep: “Wees gegroet, o heilige Rome!”

Maar ag! Hoe anders het hy die beroemde Tiberstad gevind! Wat ook al Rome mag wees, heilig was dit allermins, inteendeel was dit ’n stad vol verwarring en moord. Elke nag het ’n hoofman te perd met driehonderd soldate die stad in alle rigtings deurkruis; wie wapens by hom gehad het, word daar en dan in die Tiber gegooi. So moes die Pous van die tyd, Julius, maar korte mette maak, want “ons Italianers so het vername skrywer uit die tyd gesê, “ons het goddelose booswigte geword en sulke mense kan alleen met barbaarse gestrengheid regeer word.”

Hierdie skrywer het eintlik nog iets daarbý gesê: “Ons het dit veral aan die Kerk en die priesters te danke dat ons so geword het.” Die priesters in Italië het in werklikheid in die tyd ’n slegte voorbeeld vir die mense gestel. Luther het wel gesien dat sommige priesters niks geglo het van wat hulle geleer het nie en dat hulle selfs die spot met die gebooie en die leer van die Kerk gedryf het. Dit het hom vreeslik gehinder. Nogtans het hy die grootste belang gestel in wat hy in Rome omtrent die weg van die saligheid gehoor het, want hy het homself dikwels onrustig gemaak oor die vraag, of sy sonde werklik vergewe was.

Hierop het hulle in Rome vir hom ’n antwoord klaar gehad. Daar het hulle die sy doek van die heilige Veronica bewaar, waarmee, soos dit vertel word, die Heiland op die Lydensweg na Golgota sy sweet afgedroog het.

Wie hierdie doek met ’n heilbegerige oog beskou, sal daarin die gelaatstrekke van die Heiland sien en behoue word. Dit wis die Romeine hom wys te maak. Luther het na die kerk gegaan en die doek gevra, lank daarna gekyk met groot aandag, dog het net die doek en niks meer gesien nie.

Ook het hy met diepe eerbied die katakombes of onderaardse grafkelders van die eerste Christene besoek. Met groot ontroering het hy die doodkiste, bene en flessies met martelaarsbloed besigtig, wat hulle aan hom by fakkellig getoon het, maar dit alles het hom geen sielerus gebring nie.

“Nee,” het ander weer beweer, “die Pilatustrap sal jou help. Die trap waarop die Romeinse goewerneur eenmaal lydende Christus aan die volk getoon het, is op wonderbaarlike wyse na Rome oorgebring. As jy die trap biddende opkruip, dan hoef jy aan die vergiffenis van jou sonde vir g’n oomblik meer te twyfel nie.”

Luther het dit met baie trane en gebede gedoen. Vrede het hy daardeur egter nie gekry nie, inteendeel het dit hom nog onrustiger gemaak. Ja, dit was asof ’n ontsagwekkende stem in sy hart hom teruggeroep het: “Die regverdige sal uit die geloof lewe!” nie deur ’n stuk doek of ’n houttrap nie, maar alleen deur die geloof – dit begryp hy nou – moes die vrede van God sy deel word. Beskaamd het hy heengegaan, vir goed van sulke bygeloof genees.

Tog was hy bly dat hy die reis onderneem het. ”Vir g’n honderdduisend dalers – so het hy later gesê – sou ek Rome nie wou gesien het nie.” Beter as ooit het hy daardeur geweet, dat g’n goeie werke of iets, wat uit die mens is, nie, maar alleen die geregtigheid van Christus ons red.

“Ek, doktor Maarten Luther,” het hy met nadruk verklaar, “bely dat die geloof alleen voor God regverdig maak sonder die werke en ek verklaar, dat die Roomse Keiser, die Keiser van die Turke, die Keiser van die Tartare, die Keiser van die Perse, die Pous, al die Kardinale, die hele wêreld en al die duiwels moet toelaat dat dit so bly. Niemand het vir ons sondes gesterwe nie, behalwe Jesus Christus, die Seun van God. Ek sê dit nog ’n keer: al verskeur die wêreld en al die duiwels mekaar en al sou hul van woede bars, tog bly dit waar.” Nie in eie deug of geregtigheid nie, maar alleen in die versoening, deur die Here Jesus Christus verkry, het Luther eindelik rus vir sy siel gevind.

Hy verlang toe dat al sy vriende hierdie vrede moes smaak. “Ek wil graag weet, “so skryf hy in April 1516 aan een van sy kennisse, ’n monnik te Memminge, “wat daar in jou siel omgaan en of jy jou op die geregtigheid van Christus verlaat. My liewe broer, leer Christus ken en wel die Christus

aan die kruis. Leer van Homself te sing en aan jouself te twyfel en aan Hom te sê: 'U, here Jesus, is my geregtigheid en ek is u sonde."

G'n wonder dus dat Luther, nou met God versoen, nie meer bang was vir die dood nie.

Toe daar in die jaar 1516 in Wittenberg 'n vreeslike pessiekte uitbreek, het 'n groot aantal studente en ook sommige leraars die stad verlaat. Luther het egter gebly.

"Jy raai my aan om te vlug," het hy aan een van sy vriende geskryf, maar waarheen sou ek vlug? Ek hoop dat die wêreld nie sal vergaan as broer Maarten val nie.

In plaas vanuit Wittenberg weg te vlug, het hy elke dag die met pesgeslae siekes besoek, hulle aangeraak en hulle selfs in sy arms geneem om hulle met die Heilige Nagmaal te verkwik. "Moenie bang wees nie," het hy vir die sterwendes gesê, "die Here is 'n genadige God en Vader, Hy is dit ook vir jou."

So het Luther aan elkeen verkondig, dat die barmhartige God sy genade aan sondaars skenk sonder betaling, ja geheel-en-al verniet. Hy sou baie gou die geleentheid kry om van hierdie waarheid voor die hele wêreld te getuig. Hierdie gewigtige oomblik het op die laaste dag van Oktober in die jaar 1517 aangebreek.

(Vervolg.)



# PRESIDENT S.J.P. KRUGER

## DEUR DIE GENADE HET PAUL KRUGER GEWEIER OM DIE GODSDIENS VAN SY VADERS EN SY VOLK PRYS TE GEE.

Het die taal van sy volk vir hom so ’n groot betekenis gehad, veel intenser, dieper, inniger het hy gevoel oor die Godsdiens van sy vaders.

Daarom het hy geweier om die Godsdiens van sy vaders en van sy volk prys te gee.

Paul Kruger het van jongs af in ’n streng Godsdienstige atmosfeer grootgeword.

**Wat was die gebruik?**

Vroeg, voor sonop, soos die gebruik algemeen was, het ook die ouers van Paul Kruger die dag begin deur die sing van Psalms, deur Skriflesing en gebed. Die samesang van die ouers het gewoonlik die kinders uit die slaap gewek. Later op die trekpad is die gebruik volgehou: in die laers is met die daglumier die môre begroet met die aanhef van lofpsalms, dank- en smeekgebede. So ook is die dag afgesluit terwyl gedurende die dag met die etes gereeld die Naam van die Here aangeroep is. By die

Godsdiensoefeninge was daar geen oneerbiedigheid nie, nog by die ouers, nog by die kinders. Met heilige skugterheid en die grootste eerbied het oud en jonk teenoor die Woord van die HERE gestaan en onder die tug van daardie Woord geleef.

As vêrder in die gedagte gehou word dat hierdie Boek saam met die ou bekende predikasieboeke van Bernardus Smytegelt, Conrad Mell en die Psalmboek feitlik die enigste leesstof van die grensbewoners en die Trekkers was, dan is dit begryplik hoe die hele lewe van elke boerefamilie Skriftuurlik gedissiplineerd was. Paul Kruger gee self getuienis hoe die vaders en moeders vir die opvoeding van hul kinders gesorg het, so goed as wat hulle kon. Hulle het geweet, sê hy, dat hulle in ’n land was waar dit nie maklik was nie, om wat versuim is weer in te haal en dat die Geestelike agteruitgang van die nageslag die ondergang van die volk sou beteken. Daarom het elke Boer sy kinders geleer om te lees en te skryf en hulle in die Woord van God onderrig gegee. As hulle geëet het, moes die kinders elkeen uit die Woord van God ’n stuk voorlees en navertel; ook moes hulle hierdie of daardie vers oorskryf en van buite leer. Dit het elke dag gebeur as buitengewone omstandighede dit nie onmoontlik gemaak het nie: “So het my vader my ook die Bybelgeskiedenis geleer en my daarin onderrig.”

Sondae was die groot dag vir die plegtige Godsdiensoefening. Kerkgeleenthede was daar maar min; die verspreid wonende families in die grensdistrikte kon seker maar hoogstens eenmaal in ses of twaalf maande saam vergader in ’n kerkgebou in een of ander dorp. Des te meer heet die vader in elke huis sy roeping en plig gevoel om Sondae sy gesin te vergader en voor te gaan deur behoorlik Godsdiens te hou. Dit was die voorlesing van een hoofstuk uit die Bybel gevolg deur ’n predikasie vanuit ’n Bundel, dan ’n kort gebed om af te sluit met ’n paar Psalms.

Wie kennis het van die ou predikasieboeke wat toe gebruik is, sal weet dat so ’n diens maklik van ’n anderhalf uur tot twee uur geduur het. Daarna moes ook elke kind vertel wat hy onthou het en gewoonlik het die vader allerlei punte wat in die preek voorgekom het, aan sy gesin verduidelik.

Teen Sondag ontheiliging is baie streng gewaak; verontagsaming van hierdie gebod is beskou as ’n groot sonde. Dwarsdeur die Trek is in alle laers die vierde gebod streng gehandhaaf. Dit was vir die Afrikaner-Trekker die heilige dag waarop hulle van die gewone werksaamhede van die week gerus en hulle met Geestelike dinge besig gehou het. Maar in

buitengewone omstandighede het hulle ook nie geaarsel om te doen wat noodsaaklik was nie, hiervan kan as voorbeeld dien die Slag van Bloedrivier wat op Sondag 16 Desember 1838 plaasgevind het en ook dié van Amajuba op Sondag 27 Februarie 1881.

So was ook Paul Kruger se Godsdienstige opvoeding wat by hom nie, maar ’n uiterlike lewenshouding of vorm geword het nie, maar die grondslag van sy hele lewe en strewe, die krag en sterkte gedurende al sy worstelinge. Vir hom was die Woord van God die rigsnoer van sy private, sy maatskaplike, sy Kerklike en sy Staatkundige lewe. Kinderlik opreg het hy geglo in die Woord van die HERE. Die Skrif was nie alleen sy troosboek nie, maar ook sy Wetboek. Hy was die man met een Boek wat hy deur en deur geken en liefgehad het. Uit hierdie Bron het hy sy lewenswysheid geput, sy krag ontvang, sy moed en volharding en ook sy troos in die moeilikste dae van sy lewe.

Die Monument op Pretoria laat ons die fiere staatsman sien, onwankelbaar vas. Maar vanwaar kom hierdie krag? Leser, u moet dan nog ’n ander borsbeeld van hom bepeins – die sittende Kruger met die Bybel. Dis die uitbeelding van die deemoedige wat in opregte Geloof besig is om deur die Woord gemeenskap te hou met die Onsienlike wat hy as Sy Vader in die Hemel deur Jesus Christus leer ken het. Die Kruger van Pretoria is alleen moontlik deur die Kruger met die Bybel. Wie so met die Onsienlike verkeer, is ’n reuse- gestalte onder mense. In hierdie leerskool van God word die hart ruim, die oog helder, die verstand skerp en die taal fors en gekuis. Dis ook die bron van sy onvergelyklike, ja, byna bomenslike moed en dapperheid. Paul Kruger het geen vrees geken nie, hetsy dat hy met die wilde diere in aanraking was of te staan gekom het teen woeste barbaar of teenoor die grotes van die wêreld hier en in Europa.

Die Woord van God was inderdaad vir hom ’n lamp vir sy voet en ’n lig op sy pad. Hierom het hy volstandig geweier om onder al sy druk werksaamhede die Woord opsy te skuif. Daarmee is sy dag begin en daarmee is sy dag afgesluit, elke dag van sy lewe, terwyl daarmee sy sang en gebed gepaard gegaan het.

Wie uit die Skrif lewe is ook ’n bidder en dit was die Staatspresident by uitnemendheid. Wie sal ooit kan vertel hoeveel gebed-worstelinge in die ou woning in Pretoria plaasgevind het? Daar was veral een kamer wat hiervan kan getuig. In sy binnekamer het die groot Afrikaner gebeds-

gemeenskap gehou met die Onsienlike vir leiding, wysheid en krag om sy land en sy volk te regeer, om hulle teen die aanslae van buite te beskerm. Soos 'n Moses het hy vir sy dierbare volk voortdurend gepleit voor die aangesig van die HERE.

Tot versterking van sy Christelike Geloof het hy in die Woord van die HERE gesoek terwyl hy ook voortdurend in die gemeenskap van God se kinders verkeer het. Hierom was Paul Kruger so 'n getroue kerkganger. Uit oortuiging was hy 'n lidmaat van die Gereformeerde Kerk en in die Gereformeerde kerkgebou reg teenoor sy woning was sy sitplek byna nooit leeg nie. Die vierde gebod het hy streng gehandhaaf. Op 'n keer tydens 'n strafekspedisie teen Sekoekoeni het hy hom as Kommandant-Generaal uit die hele onderneming onttrek, omdat President Burgers, tydens sy ampstermyn Godsdiensonderrig uit die skole verwyder het en ook omdat daar danspartye en konserte op Sondae gehou is en die Staatshoof dit goedgekeur het, daarom kon Kruger geen seën van die Almagtige op die onderneming van hierdie strafekspedisie verwag nie.

(Vervolg.)

## <u>Vermanende brief van Adrianus Haemstedius aan die owerheid van Antwerpen, in die jaar 1559 N.C.</u>

---

### <u>*Die ware Godsdiens was verban en die tempel eensaam en verlate!*</u>

Tog bewerk die HERE dit in die hart van 'n begenadigde vors, Hiskia die koning van Juda om die goddelose en vervloekte afgodery uit te roei, volgens die getuienis, in 2 Kon. 18 vers 4:

**"Hy het die hoogtes afgeskaf en die klippilare verbreek en die heilige boomstamme omgekap en die koperslang wat Moses gemaak het, stukkend gestamp, omdat die kinders van Israel tot op dié dae daarvoor offerrook laat opgaan het; en hy het dit Nehústan genoem."**

Hiskia het die Huis van die HERE weer geopen en die ware Godsdiens weer opgerig. Verder het hy selfs ook leraars buite sy koninkryk (wat alleen Judea was), uitgestuur na die koninkryk van Israel, om daar in Gees en Waarheid te preek, volgens 2 Kron. 30 vers 1:

**"Daarna het Jehiskía gestuur na die hele Israel en Juda, en ook briewe geskrywe aan Efraim en Manasse om te kom na die huis van die HERE in Jerusalem, om die pasga tot eer van die HERE, die God van Israel, te hou."**

Leraars wat die kinders van Israel tot die ware Godsdiens opgeroep het, maar hierdie wekroep het by baie geen indruk gemaak nie, nee, hulle het selfs die spot met hulle gedryf. Hiskia het die HERE gevrees en so ook Josafat in Judea, hulle het in die Godsvrug volhard. Ons neem hierdie getrouheid terwille van die ware Godsdiens ook waar in Josia die opvolger van koning Manasse en Ammon, wat vir die afgode altare opgerig en die hemelliggame vereer en aanbid het, volgens 2 Kron. 33 vers 3 en 4:

**"En hy het die hoogtes weer gebou wat sy vader Jehiskía afgebreek het, en altare opgerig vir die Baäls en heilige boomstamme gemaak en hom neergebuig voor die hele leër van die hemel en hulle gedien; ook altare gebou in die huis van die HERE waarvan die HERE gesê het: In Jerusalem sal my Naam vir ewig wees."**

Dit word selfs ook, in vers 22 bevestig met hierdie woorde:

**“En hy het gedoen wat verkeerd was in die oë van die HERE, soos sy vader Manasse gedoen het; en aan al die gesnede beelde wat sy vader Manasse gemaak het, het Amon ywerig geoffer en hulle gedien.”**

In hierdie afvallige tyd het die Wetboek verlore gegaan en kinders is selfs vir die afgode in die vuur geoffer. Josia het al hulle verderflike afgodery uitgeroei en die Heilige Skrif weer aan die lig gebring, volgens 2 Kron. 34 vers 3:

**“En in die agtste jaar van sy regering, terwyl hy nog jonk was, het hy begin om die God van sy vader Dawid te soek, en in die twaalfde jaar het hy begin om Juda en Jerusalem te reinig van die hoogtes en die heilige boomstamme en die gesnede beelde en die gegote beelde.”**

Hierdie gruwelike afdwalinge is in die tyd waarin ons tans verkeer ook onder die Christene waarneembaar; hulle volg vreemde leringe wat op ’n valse godsdiens gegrondves is na en hulle stel hul vertroue op die ellendige mens. Die Nagmaal tot nagedagtenis van die dood van Christus word nou ‘n seremonie waar wierook en fakkels vir die afgodery aan die brand gesteek word, die Woord en die ware Godsdiens word openlik verloën, dit mag nie meer gepredik word nie. Die Woord van die HERE word afgemaak as ’n leuen wat die volk vergiftig en verlei.

Ons sien dus wanneer die HERE vir Hom ‘n Godvresende vors verwek om die volk van hul dwaalweë af te wend, iemand soos koning Eduard VI, van Engeland en selfs ook ’n paar Duitse vorste, stuur hulle eerstens ware en geroepe bedienaars terwille van die Woord en die suiwere Evangelie uit. Hierdie bedienaars word meestal beskimp, belaster, gevange geneem en selfs gedood, juis omdat ’n goddelose volk in hul gehoor gestreel wil wees en die suiwere prediking verag!

Ja, juis omdat die Wetboek, die Bybel ontbreek en die volk met hul valse leraars die Woord van die HERE nie meer ondersoek nie, daarom word die volk sleg regeer, sodat die regverdige uiteindelik verdruk word, terwyl die onregverdigheid ten hoogste verhef word. Die uiteindelike gevolg, die gemeente verval en vele dwalinge en sektes kom te voorskyn omdat die opsieners blind is, volgens Jes. 56 vers 10:

**“Hulle wagte is almal blind, hulle merk niks nie; hulle is almal stom honde wat nie kan blaf nie; wat dromerig lê, lief is om te sluimer.”**

Tereg mag die HERE Sy volk beklaag, in die woorde van Jes. 1 vers 2 en 3:

**“Hoor, o hemele, en luister, o aarde, want die HERE spreek: Ek het kinders grootgemaak en verhoog, maar húlle het teen My oortree. ‘n Os ken sy besitter en ‘n esel die krip van sy eienaar, maar Israel het geen kennis nie, my volk verstaan nie.”**

(Vervolg.)

# KALENDER.

**Geskiedenis:**

- **5 April 1566** – Ontstaan van die naam, 'Geuse' (bedelaars) vir Nederlandse Protestante: Onder die wrede vervolging van die inkwisisie het die Protestante in Nederland 'n organisasie begin. Hiermee het hulle 'n eed afgelê om mekaar by te staan en te beskerm deur enige vervolging en te alle tye. Die organisasie het gegroei en kon meer as 2000 handtekeninge van edelmanne kry wat hulle op die dag, 5 April aan die Spaanse koning Phillip II se verteenwoordiger in Nederland kon gaan voorlê. Hierin het hulle gesê dat hulle nog nooit ontrou aan die koning was nie, maar dat hulle selfs eerder sy wrewel sal wek as om aan te hou ly onder die wrede inkwisisie. Margaret kon niks meer doen as om te sê dat sy



die doodstraf van verbranding na onthoofding sal verander. Een van haar raadslede het hierdie manne wat die petisie voorgelê het 'Gueux' genoem, wat bedelaars beteken. Die aanhoorders het hierdie benaming aanvaar en selfs embleme laat maak met die bedel simbool op. Hierdie Geuse (bedelaars), wat as werktuie in die hand van ons Hemelse Vader gedien het, sou die Spaanse koning nog baie teenstand bied.

- **6 April 1652** – <u>Volksplanting.</u> Jan Van Riebeeck, 'n instrument in die hand van ons Hemelse Vader is na die Suidpunt van Afrika gestuur om die Gereformeerde Godsdiens van die Christelike Geloof



hier te vestig. Hiervan getuig sy gebed ook wanneer hy in Tafelbaai voet aan wal sit:

*"Barmhartige, genadige God en Hemelse Vader ... volgens U Goddelike wil het U ons gered en is ons geroep om die sake van die Verenigde Oos-Indiese*

*Kompanjie hier aan die Kaap die Goeie Hoop te bestuur. Met hierdie doel voor oë is ons hier in U heilige Naam vergader. Mag die besluite wat ons neem, die wet handhaaf ... en ... U ware en volmaakte Christelike leer mettertyd onder hierdie heidene vestig en verkondig tot lof en eer van U heilige Naam ... sonder wie se genadige hulp ons tot niks in staat is nie. Daarom bid ons U, Allerhoogste, genadige Vader, dat U ons met u Vaderlike wysheid en insig sal bystaan. Ons bid dat U self leiding in ons vergadering sal neem en ons harte so reinig dat alle kwade hartstog, misverstand en moordlus van ons geweer sal word en ons harte rein sal wees. laat ons ingesteldheid van so 'n aard wees dat geen ander beginsels of motiewe deur ons optrede openbaar sal word as dit wat tot eer en verheerliking van U Allerheiligste Naam sal strek nie. Dat ons, ons Heer en Meester na die beste van ons vermoë kan dien – sonder om op enige manier tot eie voordeel of vir winsbejag op te tree, maar net tot die uitvoering van ons opdragte en dit wat vir ons saligheid nodig is. Ons bid en vra dit in die Naam van U geliefde Seun, ons Heiland en Saligmaker, Jesus Christus ... wat ons leer bid het: "Onse Vader wat in die Hemel is, laat U Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde; gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe; en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen."*

- **6 April 1654** – Twee jaar later as wat van Riebeeck voet aan wal gesit het herdenk die Nedersetters die dag met 'n Gelofte:

*"Aangesien dit vandag twee jaar gelede is dat ons met God se hulp en leiding met die skepe Drommedaris, Reiger en Goede hoop veilig hier geland het, om hierdie fort en kolonie in opdrag van ons here en meesters op te bou en ons gemerk het dat God die Here al die sake tot vandag toe met baie seëninge, goed en na wens laat verloop het, het ons besluit en ook vanjaar daarmee begin, om hierdie dag 6 April, tot God's eer met danksegging te vier en dit vir altyd as 'n dank- en biddag in te stel, sodat ons nakomelinge nooit die weldade wat God aan ons bewys het, vergeet nie, maar dit altyd in gedagte mag hou."*

- **9 April 1678** – Fondamentstene van die eerste Kerkgebou aan die Kaap word gelê. Voorheen is Kerkdienste eers in 'n houtkerkie, daarna in die saal en op verskeie plekke in die Fort gehou.



- **13 April 1598** – Franse koning Hendrik IV vaardig die Edik van Nantes uit wat aan die Protestante 'n mate van beskerming bied. Die Edik van Fontainebleau in 1685 herroep egter die Edik van Nantes en 160 000 Franse Hugenote vlug uit Frankryk na verskeie lande.

- **18 April 1521** - Luther voor die Ryksdag van Worms waar hy die Oppergesag van Christus as Woord van die HERE oor Sy Kerk erken en bevestig, wanneer hy openlik voor sy teenstanders getuig en sê: *"Hier staan ek, ek kan nie anders nie, God help my!"*



- <u>**13 April 1688** – Die koms van die Franse Hugenote.</u>

  Die Voorschoten arriveer in Saldanhabaai met die eerste Hugenote aan boord. Onberekenbaar groot was die betekenis vir die kerk aan die Kaap dat daar in 1688 meer as 200 Franse Hugenote hulle in Suid-Afrika kom vestig het. Hulle was die gelouterde Gereformeerdes wat onder die bloedige vervolging uit Frankryk gejaag is en deur Nederland 'n heenkome hier onder die vrye ruimtes van ons land gevind het.

  Hierdie Hugenote vestig hulle hoofsaaklik langs die Bergrivier by Wagenmaakersvallei, Drakenstein en Franschoek.
  As toegewydes in hulle Godsdiens bring hulle ook nog hulle eie predikant, naamlik ds. Pierre Simond saam.
  Die Franse Hugenote wat destyds 20% van die blanke bevolking getel het, het dan ook met hulle streng Gereformeerde opvattings 'n sterk invloed op die kerk in Suid-Afrika uitgeoefen.



- **18 April 1948** – Hugenote-Monument in Franschhoek onthul. Die simboliek aan die Monument moet nie verlore gaan nie. Simboliek: Die vroufiguur simboliseer die gees van Godsdiens- en gewetensvryheid van die Franse Hugenote. Die Bybel in haar regter en die gebreekte ketting in haar linkerhand simboliseer waarvoor hulle Stryd deur die Genade is (Die onfeilbare Woord van God) en

dat hulle van die bande van die Rooms-Katolieke vervolging verlos is. Die vrou staan bo-op ‘n aardbol en haar blik is gerig op die toekoms. Die blom van Frankryk is op haar kleed wat sy afgooi en dit simboliseer die baie gesinne wat Frankryk verloor het. Die drie boë simboliseer die Goddelike Drie-Eenheid. Die middelste boog bevat aan die bokant ‘n son en kruis, dit stel die Christelike Geloof en die son van Geregtigheid voor.


- **22 April 1899** – “The Star” se redakteur, W.F. Moneypenny, word deur Danie Theron met ‘n mokerhou platgeslaan, omdat Moneypenny pres. Paul Kruger en die ZAR in ‘n koerantartikel beledig het.

- **23 April 1914** – Afrikaans kry amptelike erkenning. Dit volg nadat C.J. Langenhoven die Kaaplandse Provinsiale Raad in Afrikaans toegespreek het.

- **24 April 1533** – Prins Willem van Oranje gebore.




- **26 April 1679** – Kasteel De Goede Hoop word voltooi as die oudste gebou in Suid-Afrika. Die vyf punte is na Prins Willem van Nederland se vyf titels vernoem: *Oranje, Buren, Catzenellenbogen, Nassau* en *Leerdam.*



- **27 April 1837** - Die Graham's Town Journal berig dat ongeveer 100 Voortrekkers in die omgewing van Grahamstad uitgespan het en wat vir die oorgrote meerderheid uit die Uys familie bestaan. Die Britse Setlaar gemeenskap van Grahamstad het vroeër aan die patriarg van die Uys familie, Jacobus Uys ń besondere Bybel oorhandig. Die Bybel het sowat 100 riksdaalders gekos om aan te koop. Die binne blad van die Bybel het ń groete boodskap vanuit die gemeenskap bevat. Ongeveer 100 van die dorp se inwoners, asook natuurlik heelwat Setlaar Boere uit die omgewing is teenwoordig gewees gedurende die oorhandiging. Die Grahamstad gemeenskap het hul jammerte uitgespreek om die Uys familie, asook diegene wat hul vergesel het te verloor. Die geselskap is ook ń adres deur die heer, W. R. Thompson aangebied. Thomas Phillips, ń Britse Setlaar het die Bybel amptelik oorhandig. Die Uys patriarg het op sy beurt weer die Setlaars en gemeenskap bedank.






- **19 April 1560** – Phillippus Melanchton sterf.

---

# Blokkiesraaisel 4.




Vul al die antwoorde in. As jy die blokraaisel voltooi het, skommel die letters in die gekleurde blokkies, en kyk watter woord kry jy.

## Vraelys:

Af:

2. Hoeveel kinders het Jakob gehad toe hy deur die Jabbok trek om Esau te ontmoet?
3. Abraham is begrawe in die spelonk van ...
5. In sy vlug alleen in die veld het Jakob 'n ... onder sy kop gesit om op te slaap.
6. Die twee seuns van Isak was ... en Esau.
8. Esau het sy eersgeboortereg verkoop vir 'n kooksel ...

Dwars:

1. Hoeveel jaar moes Jakob vir elk van Laban se dogters werk?
4. Die naam van Rebekka se broer.
7. Laban se twee dogters se name: Ragel en ...
9. Jakob het 'n groot klip van 'n ... afgerol sodat die vee wat Ragel opgepas het, kon drink.
10. Rebekka het nie net vir die dienaar water gegee nie, maar ook vir sy ...
11. Jakob bid tot die HERE: "ek is te ... vir al die gunste en al die trou wat U aan u kneg bewys het."

# Bybel Geskiedenis

## Lees Gen. 24 - 33 en beantwoord die vrae.

Vrae:

'n Vrou vir Isak:

1. Waarom het Abraham sy dienaar gestuur vir 'n vrou vir Isak op 'n ander plek?
2. Watter geskenke het die dienaar van Abraham saamgeneem?
3. Wat was Rebekka se vader se naam?
4. Waar het die dienaar met sy kamele gewag op 'n vrou vir Isak?

Die tweeling:

1. Wat was die name van Isak en Rebekka se seuns?
2. Watter een van hulle was die oudste?
3. Waarvan het elk van die seuns gehou?
4. Die woorde van die HERE aan Rebekka voor hulle geboorte: "die oudste sal die .....?"
5. Wat het gewys dat Esau sy eersgeboortereg verag?
6. Hoe het Rebekka en Jakob vir Isak bedrieg?
7. Watter seen het Esau toe ontvang?
8. Waarheen het Rebekka gesê moet Jakob vlug?

Jakob en Laban:

1. Waar het Jakob in die nag 'n droom gehad oor 'n leer op na die hemel?
2. Wat het Ragel opgepas?
3. Hoe was Laban se groet teenoor Jakob?
4. Met watter dogter wou Jakob trou?

5. Hoe het Laban vir Jakob bedrieg?
6. Wat was die dogter van Lea se naam?
7. Wat was die naam van Ragel se eerste seun?
8. Van watter drie boomsoorte het Jakob takke geneem om te skil en by die vee se water te sit.
9. Waarom moes Jakob wegtrek van Laban af?
10. Wat het Laban en Jakob opgerig as teken tussen hulle?

Jakob en Esau:

1. Wat het die eerste boodskappers aan Jakob kom antwoord nadat hulle by Esau was?
2. Wat het Jakob as geskenk vooruit gestuur aan Esau?
3. "Jy sal nie meer Jakob genoem word nie, maar…?"
4. Wat het Jakob die altaar genoem wat hy by Sukkot gebou het?

# GEMEENTE NUUS.

## Verjaarsdae:

- 4 April – Anlie Young.
- 18 April – Goeie Vrydag.
- 28 April – J.D. Young.
- 30 April – J.J. Young.

**Olifantshoek.**

Francois en Liza Momberg – ons bid die Seën van die HERE ook toe met die geboorte van julle nuweling.

FJ Momberg – Francois en Liza, ons dra julle en klein FJ ook op in ons gebede, mag sy arm volkome herstel.

**Sedgefield.**

Willie Botha – Sterkte oom Willie, mag die skouer uiteindelik volkome genees.

**Tzaneen.**

5 April 2025 – Magdha van der Grijp. As gemeente bid ons Nicolaas en Magdha die Seën van die HERE toe met die groot stap in julle lewe, mag julle huwelik op die vaste Fondament van die Woord, deur die kragtige werking van die Gees gegrondves word.

Christo van der Grijp, sterkte bid ons jou toe, hopelik kom al die onaangename gewerskaf wat die tande betref nou ook tot ’n einde.

Willie en Angelique van der Grijp, die groot en vreugdevolle dag in julle lewe is ophande, ons bid die Seën van die HERE ook toe met die geboorte van julle eersteling, Catharina.